that determined by the responsible Member.
- (1)(bB) No family member of a member or staff of the board shall
be employed at or by a gambling business in the province if
such employment would, in the opinion of the board, lead
to a conflict of interest.”

(b) na paragraaf (b) van subartikel (1), die volgende subartikels in te voeg:

“(1)(bA)

Lid van die raad of personeel van die raad, enige gesinslid van sodanige lid of enige persoon wat binne die tweede graad van bloedverwantskap aan sodanige lid verwant is, mag nie enige skenking, vergoeding of ander sodanige voordeel regstreeks of onregstreeks ontvang van ‘n aansoeker vir, of die houer van, ‘n lisensie-registrasie ingevolge hierdie Wet nie, en geen sodanige persoon mag regstreeks of onregstreeks sodanige skenking, vergoeding of sodanige voordeel gee of aanbied aan sodanige lid, gesinslid of familielid; met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing sal wees op -

(i) ‘n redelike maaltyd met ‘n waarde minder as die bedrag vasgestel deur die verantwoordelike Lid gegee aan ‘n lid van die raad of personeel van die raad terwyl sodanige lid of personeel optree in die loop en omvang van sy of haar pligte.

(ii) ‘n *Bona fide* dobbelwins deur sodanige lid van die raad, personeellid van die raad, gesinslid of familielid by ‘n perseel van sodanige aansoeker, lisensiehouer of geregistreerde of ‘n geaffilieerde daarvan waar sodanige persoon nie verbied is om so te dobbel ingevolge hierdie Wet nie.

(iii) Onderhewig aan subartikel 12(1)(bB), ‘n salaris wat verdien word deur sodanige gesinslid of persoon wat verwant is aan sodanige lid binne die tweede graad van bloedverwantskap van sodanige aansoeker, lisensiehouer of geregistreerde insoverre die indiensneming van sodanige persoon deur die lisensiehouer nie, na die mening van die raad, die objektiwiteit van die lid van die raad of personeellid van die raad aan wie sodanige persoon verwant is sal kompromitteer nie.

(iv) Enige voordeel soos byvoorbeeld afslag-akkommodasie, gratis promosie-materiaal en so meer, wat aan alle lede van die algemene publiek beskikbaar is.

(v) Enige voordeel of voorwerp met ‘n waarde wat nie dit oorskry wat deur die verantwoordelike Lid vasgestel is nie.

(1)(bB)

Geen gesinslid van ‘n lid of personeellid van die raad mag in diens geneem word by of deur ‘n dobbelonderneming in die provinsie indien sodanige indiensneming, na die mening van die raad, tot ‘n belangebotsing kan lei nie.”

Amendment of section 13 of Act 6 of 1996

10. Section 13 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) The board shall in each financial year, {at a time determined by the responsible Member} within the period and in the manner contemplated in the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), submit a statement of the estimated income and expenditure of the board for the following financial year for [his or her] approval by the responsible Member.”.

Amendment of section 14 of Act 6 of 1996

11. Section 14 of the principal Act is amended by the substitution of the section of the following section:

“Financial management

(1) Financial management of the board is regulated by the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999).

(2) The annual financial statements of the board must be audited by the Auditor General.”.

Amendment of section 15 of Act 6 of 1996

12. Section 15 of the principal Act is amended by the insertion after subsection (3) of the following subsection and the renumbering of the current subsections (4), (5) and (6) to 5, 6 and 7:

“(4) If both the chairperson and deputy chairperson are absent from any meeting of the board, the members present shall from amongst themselves elect a person to preside at such meeting.”.

Amendment of section 18 of Act 6 of 1996

13. Section 18 of the principal Act is amended by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 19 of Act 6 of 1996

14. Section 19 of the principal Act is deleted.

Wysiging van artikel 13 van Wet 6 van 1996

10. Artikel 13 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die raad lê in elke finansiële jaar, [op ‘n tydstip deur die verantwoordelike Lid bepaal] binne die tydperk en op die wyse soos beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999), ‘n staat van die geskatte inkomste en uitgawes van die raad vir die eersvolgende finansiële jaar aan die verantwoordelike Lid vir [sy of haar] goedkeuring voor.”.

Wysiging van artikel 14 van Wet 6 van 1996

11. Artikel 14 van die Hoofwet word gewysig deur die artikel met die volgende artikel te vervang:

“Finansiële bestuur

(1) Die finansiële bestuur van die raad word gereuleer deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999).

(2) Die jaarlikse finansiële state van die raad moet geoudit word deur die Ouditeur-Generaal.”.

Wysiging van artikel 15 van Wet 6 van 1996

12. Artikel 15 van die Hoofwet word gewysig deur ná subartikel (3) die volgende subartikel in te voeg en die huidige subartikels (4), (5) en (6) tot 5, 6 en 7 te hernoem:

“(4) Indien beide die voorsitter en die ondervoorsitter van enige vergadering van die raad afwesig is, moet die aanwesige lede self uit hul geledere by sodanige vergadering ‘n persoon kies om as voorsitter op te tree.

Wysiging van artikel 18 van Wet 6 van 1996

13. Artikel 18 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 19 van Wet 6 van 1996

14. Artikel 19 van die Hoofwet word geskrap.

Amendment of section 21 of Act 6 of 1996

15. Section 21 of the principal Act is amended by the substitution of the section of the following section:

“21. No licence shall be granted under this Act unless the board takes cognisance of –

(i) the provisions of, or norms and standards determined under the National [Gambling] Act, [1996]; and

(ii) any recommendations made by the National [Gaming and Wagering] Gambling Board established [under the National Gambling Act, 1996] in terms of the National Act.”

Substitution of section 22 of Act 6 of 1996

16. The following section is substituted for section 22 of the principal Act:

“Disqualifications for licences in general”

22. (1) This section does not apply to a certificate of approval.

(2) A person must not hold a licence referred to in this Act, or a financial interest in the holder of such a licence, if that person –

(a) is not a fit and proper person, in that such person's character, integrity, honesty, prior conduct, regard for the law, reputation, habits and associations may reasonably pose a threat to the health, safety, morals, good order and general welfare of the inhabitants of the Province or to provisions and policy of this Act;

(b) is under the age of 18 years;

(c) is a public servant or political office bearer;

(d) is listed on the register of excluded persons contemplated in the National Act;

(e) is subject to an order of a competent court holding that person to be mentally unfit or deranged;

(f) has ever been removed from an office of trust on account of misconduct relating to fraud or the misappropriation of money; or

Wysiging van artikel 21 van Wet 6 van 1996

15. Artikel 21 van die Hoofwet word gewysig deur die artikel met die volgende artikel te vervang:

“21. Geen lisensie word kragtens hierdie Wet toegestaan nie tensy die raad kennis neem van -

- (i) die bepalings van, of norme en standaarde vasgestel deur die Nasionale [Dobbelwet, 1996] Wet; en
- (ii) enige aanbevelings, gemaak deur die Nasionale [Raad op Dobbelaar en Weddenskappe] Dobbelraad ingestel ingevolge die [Nasionale Dobbelwet, 1996] Nasionale Wet.”.

Vervanging van artikel 22 van Wet 6 van 1996

16. Artikel 22 van die Hoofwet word met die volgende artikel vervang:

“Diskwalifisering vir lisensies oor die algemeen

22. (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op ‘n sertifikaat van goedkeuring nie.
- (2) ‘n Persoon moet nie ‘n lisensie hou waarna verwys word in hierdie artikel nie, of ‘n finansiële belang hê in die houer van sodanige lisensie, indien daardie persoon -
- (a) nie ‘n geskikte en gepaste persoon is nie, deurdat so ‘n persoon se karakter, integriteit, eerlikheid, vorige optrede, agting vir die reg, reputasie, gewoontes en verbintenisse redelikerwys ‘n bedreiging inhou vir die gesondheid, veiligheid, sedes, goeie orde en algemene welsyn van die inwoners van die Provinsie of vir die bepalinge en beleid van hierdie Wet;
 - (b) onder die ouderdom van 18 jaar is;
 - (c) ‘n staatsampenaar of politieke ampsdraer is;
 - (d) ingeskryf is in die register van uitgeslote persone soos beoog in die Nasionale Wet;
 - (e) onderhewig is aan ‘n bevel van ‘n bevoegde hof wat beslis dat die persoon geestelik ongeskik of kranksinnig is;
 - (f) ooit uit ‘n vertrouensamp verwyder is vanwee wangedrag met betrekking tot bedrog of wanbesteding van geld; of

- 5 (g) has been convicted during the previous ten years, in the Republic or elsewhere, of theft, fraud, forgery or uttering a forged document, perjury, an offence under the Corruption Act, 1992 (Act No. 94 of 1992), or an offence in terms of this Act or the National Act, and has been sentenced to imprisonment without the option of a fine, or to a fine exceeding the prescribed amount, unless the person has received a grant of amnesty or free pardon for the offence;
- 10 (h) is an unrehabilitated insolvent; or
- 15 (i) is a family member, other than a brother or sister, of a person who is a member or employee, of a regulatory authority exercising oversight over that licensee.
- 20 (3) The board must refuse to issue a licence to a person who is disqualified from holding an interest in a licence holder, licensed premises, or the business to which a licence relates, in terms of subsection (2).
- 25 (4) The board must refuse to issue a licence to an applicant if, after conducting the prescribed investigations, it has reason to believe that the applicant, or any person who holds a financial interest of five percent or more in the applicant is disqualified from holding an interest in a licence holder or the business to which a licence relates, in terms of subsection (1).
- 30 (5) For the purpose of this section, a financial interest does not include an indirect interest held in any fund or investment if the person holding that interest has no control over the investment decisions made in respect of that fund or investment.
- 35 (6) A licence shall not be granted unless the board is satisfied that –
- 40 (a) the granting of such a licence will not bring into existence or aggravate any dominant or over concentrated market share or any restrictive practice, acquisition or monopoly situation in the Province as envisaged in the Competition Act, 1998 (Act No. 89 of 1998) in the gambling industry or a branch thereof; and
- 45 (b) the granting of such a licence will not result in the establishment of an unduly large gambling industry in the Province, having regard to the number of inhabitants of the Province, their financial means and the number of licences already granted in terms of this Act or any other law.

- 5 (g) gedurende die vorige tien jaar skuldig bevind is, in die Republiek of elders, aan diefstal, bedrog, vervalsing en uitgifte, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op Korruptsie, 1992 (Wet Nr. 94 van 1992), of 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of die Nasionale Wet, en gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of tot 'n boete wat die voorgeskrewe bedrag oorskry, tensy die persoon amnestie of algehele kwytskelding vir die misdryf verleen is;
- 10 (h) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of
- 15 (i) 'n familielid, behalwe 'n broer of 'n suster, of 'n persoon wat 'n lid of werknemer is van 'n regulerende owerheid wat toesig uitoefen oor daardie gelisensieerde.
- 20 (3) Die raad moet weier om 'n lisensie uit te reik aan 'n persoon wat gediskwalifiseer is om 'n belang te hê in 'n lisensiehouer, gelisensieerde perseel, of die onderneming wat met die lisensie verband hou, ingevolge subartikel (2).
- 25 (4) Die raad moet weier om 'n lisensie uit te reik aan 'n aansoeker indien, nadat die voorgeskrewe ondersoek gedoen is, hy rede het om te glo dat die aansoeker, of enige persoon wat 'n finansiële belang van vyf persent of meer in die aansoeker hou, gediskwalifiseer is om 'n belang te hê in 'n lisensiehouer of onderneming waarmee die lisensie verband hou, ingevolge subartikel (1).
- 30 (5) Vir die doel van hierdie artikel behels 'n finansiële belang nie 'n onregstreekse belang wat in enige fonds of belegging gehou word nie indien die persoon wat die belang hou geen beheer het oor die beleggingsbesluite wat gemaak word ten opsigte van die fonds of belegging nie.
- 35 (6) 'n Lisensie sal nie toegeken word nie tensy die raad tevrede is dat -
- 40 (a) die toekenning van so 'n lisensie nie enige heersende of oorgekonsentreerde marktaandeel of enige beperkende praktyk, verkryging of monopolie-situasie in die Provinsie soos beoog in die Wet op Wedywing, 1998 (Wet Nr. 89 van 1998) in die dobbelbedryf of tak daarvan teweeg sal bring of vererger nie, en
- 45 (b) die toekenning van so 'n lisensie nie sal lei tot die vestiging van 'n uitermatige groot dobbelbedryf in die Provinsie nie, inaggenome die getal inwoners van die Provinsie, hul finansiële middele en die getal lisensies wat alreeds ingevolge hierdie Wet of enige ander wet toegeken is."

Amendment of section 23 of Act 6 of 1996

17. Section 23 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) The maximum number of any kind of licence that may be granted by the board, may be prescribed: Provided that the maximum number of casino licences that may be granted by the board, shall at any given time be [prescribed.] as determined by the National Act.”;

Amendment of section 26 of Act 6 of 1996

18. Section 26 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Any person who desires to object to any application made [for a licence] in terms of this Act, may, not later than 30 days after the publication of the relevant notice in the *Provincial Gazette* as referred to in section 24(2)(b)(ii), lodge with the chief executive officer in writing an objection in the prescribed manner.”.

Amendment of section 27 of Act 6 of 1996

19. Section 27 of the principal Act is amended by –

(1) the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Any application, objections and response lodged in terms of [sections 24 and 26] this Act shall, subject to subsection (2), be open to public inspection by interested persons during the normal office hours of the board for the prescribed period from the date of lodgement of the application as reflected in the notice referred to in section 24(2)(b)(ii) and the board shall, at the request of any interested person, and on payment of such fees as may be prescribed, furnish him or her with a copy of, or extract from, any such application, objections, responses or information.”;

(2) the insertion of the following section after section 27 of the principal Act:

“Public Hearings

27A. (1) The board shall hold a hearing –

- (a) in respect of every application for a casino licence received by the board;
- (b) in respect of every application for any other kind of licence contemplated in sections 23 received by the board regarding which an objection has been lodged in accordance with section 26;

Wysiging van artikel 23 van Wet 6 van 1996

17. Artikel 23 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (4) met die volgende subartikel te vervang:

“(4) Die maksimum getal van enige soort lisensie wat deur die raad toegestaan mag word, kan voorgeskryf word: Met dien verstande dat die maksimum getal casino lisensies wat deur die raad toegestaan mag word, op enige gegewe tydstip [voorgeskryf] soos deur die Nasionale Wet bepaal, moet wees.”.

Wysiging van artikel 26 van Wet 6 van 1996

18. Artikel 26 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:

“(1) Enige persoon wat beswaar wil maak teen ‘n aansoek {om ‘n lisensie} ingevolge hierdie Wet, kan nie later nie as 30 dae ná die publikasie in die *Provinsiale Koerant* van die betrokke kennisgewing soos bedoel in artikel 24(2)(b)(ii), by die hoof uitvoerende beampte skriftelik ‘n beswaar in die voorgeskrewe vorm indien.”.

Wysiging van artikel 27 van Wet 6 van 1996

19. Artikel 27 van die Hoofwet word gewysig deur -

(1) subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:

“(1) Enige aansoek, besware en antwoord wat ingevolge [artikels 24 en 26] hierdie Wet ingedien word is, behoudens subartikel (2) ter publieke insae deur belangstellende persone gedurende die normale kantoorure van die raad vir die voorgeskrewe tydperk vanaf die datum van indiening van die aansoek, soos aangedui in kennisgewing bedoel in artikel 24(2)(b)(ii), en die raad voorsien, op versoek van enige belangstellende persoon en by betaling van die voorgeskrewe gelde, hom of haar van ‘n afskrif van of uittreksel uit enige sodanige aansoek, besware, antwoord of inligting.”;

(2) die volgende artikel ná artikel 27 van die Hoofwet in te voeg:

“Openbare Verhore

27A. (1) Die raad sal ‘n verhoor hou -

- (a) ten opsigte van elke aansoek om ‘n casino-lisensie ontvang deur die raad;
- (b) ten opsigte van enige ander soort lisensie soos beoog in artikels 23 wat deur die raad ontvang is ten opsigte waarvan ‘n beswaar ingedien is ooreenkomstig artikel 26; en

- (c) in any application for which the board deems it necessary to conduct a hearing,

on such a date, time and place as determined by the board, and made known by notice published in the *Provincial Gazette*, and in a newspaper circulating in the district in which the premises to which such application relates are situated, in any official language in which such newspaper is published.

- (2) At such a hearing –

- (a) the applicant shall be afforded an opportunity to be heard;
- (b) any person who lodged an objection against the application in terms of section 26 and who, in such objection, indicated his or her desire to make oral presentations at the hearing of the application shall be afforded the opportunity to be heard; and
- (c) the applicant and each such person may be assisted or represented by any person of his or her choice.

- (3) A hearing may be adjourned and resumed on such date and at such time and place as the board may determine.

- (4) Subject to subsection (5), a hearing shall be accessible to the public.

- (5) The person presiding at the hearing may –

- (a) if the presence of any particular person is not conducive to the good order or conduct of the hearing, direct that such person may not attend, or must leave the hearing;
- (b) if the board is considering any matter contemplated in section 27(2)(a) or representations by a person contemplated in section 27(2)(b), or if it is otherwise in the interest of the consideration of the matter concerned, direct that the public or any member or category thereof may not attend, or must leave the hearing.

- (6) The provisions of sections 20(2) to 20(9) shall apply with the necessary changes in respect of a hearing.”

- (c) in enige aansoek waarvoor die raad dit nodig ag om 'n verhoor te hou;

op sodaige datum, tyd en plek soos deur die raad bepaal, en bekend gemaak by wyse van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, en in 'n koerant wat in die distrik sirkuleer waarin die perseel geleë is wat verband hou met sodanige aansoek, in enige amptelike taal waarin sodanige koerant gepubliseer word.

(2) By so 'n verhoor -

- (a) moet die aansoeker die geleentheid gebied word om aangehoor te word;

- (b) sal enige persoon wat 'n beswaar teen die aansoek ingedien het ingevolge artikel 26 wat, in sodanige beswaar, sy of haar wens aandui om mondelinge vertoë by die aanhoor van die aansoek te doen, die geleentheid gebied word om aangehoor te word; en

- (c) kan die aansoeker en enige sodanige persoon bygestaan of verteenwoordig word deur enige persoon van sy of haar keuse.

- (3) 'n Verhoor kan uitgestel en hervat word op sodanige datum en op sodanige tyd en plek soos wat die raad mag bepaal.

- (4) Onderhewig aan subartikel (5), moet 'n verhoor toeganklik wees vir die publiek.

- (5) Die persoon wat as voorsitter by die verhoor optree kan -

- (a) indien die teenwoordigheid van enige bepaalde persoon nie bevorderlik is vir die goeie orde of die hou van die verhoor nie, gelas dat sodanige persoon nie die verhoor mag bywoon nie, of die verhoor moet verlaat;

- (b) indien die raad enige aangeleentheid soos beoog in artikel 27(2)(a) of vertoë deur 'n persoon soos beoog in artikel 27(2)(b) oorweeg, of indien dit andersins in die belang van die oorweging van die betrokke saak sal wees, gelas dat die publiek of enige lid of kategorie daarvan nie die verhoor mag bywoon nie, of dit moet verlaat.

- (6) Die bepalings van artikels 20(2) tot 20(9) is van toepassing met die nodige verandering ten opsigte van 'n verhoor."

Amendment of section 28 of Act 6 of 1996

20. Section 28 of the principal Act is amended by –

5 (1) the insertion after subsection (1) of the following subsection:

10 “(1A) In order to determine the continued suitability of the holder of a licence, certificate of suitability or certificate of approval in terms of this Act, the board may, subject to any other law, gather such information from any source or person regarding the continued suitability of the holder of such a licence, certificate of suitability or certificate of approval and the suitability of the licensed premises in respect of which a licence was granted, if applicable.”;

15 (2) the substitution for subsection (2) of the following subsection:

20 “(2) The chief executive officer may, [on receipt of an application for a licence] for the purpose referred to in subsections (1) and (1A), ask the South African Police Service for a report stating –

25 (a) particulars of any conviction recorded against the applicant referred to in subsection (1), the licence or certificate holder referred to in subsection (1A), or any person who will be involved in the proposed business of the applicant, licence holder or certificate holder and in respect of whom the board deems it necessary to obtain the police report;

(b) such matters as may be prescribed; and

30 (c) such matters which ought, in the opinion of the South African Police Service to be taken into consideration in respect of the application, licence or certificate concerned.”.

Amendment of section 29 of Act 6 of 1996

35

21. Section 29 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

40 “(4) When the board is satisfied that the premises in respect of which a temporary licence has been granted under subsection (1), have been substantially completed in accordance with the plan thereof approved by the board, the conditions and requirements determined by the board have been complied with and the premises are suitable for the purposes for which they will be used under the licence concerned, the board shall issue the licence in [accordance with section 24(4)] terms of this Act to the applicant concerned.”.

45

Wysiging van artikel 28 van Wet 6 van 1996**20. Artikel 28 van die Hoofwet word gewysig deur -**

5 (1) ná subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

10 “(1A) Ten einde die voortgesette geskiktheid te bepaal van die houer van ‘n lisensie, sertifikaat van geskiktheid of sertifikaat van goedkeuring ingevolge hierdie Wet, kan die raad, onderhewig aan enige ander wet, sodanige inligting insamel van enige bron of persoon betreffende die voortgesette geskiktheid van die houer van sodanige lisensie, sertifikaat van geskiktheid of sertifikaat van goedkeuring en die geskiktheid van die gelisensieerde perseel ten opsigte waarvan ‘n lisensie toegestaan is, indien toepaslik.”;

15 (2) subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang:

20 “(2) [by ontvangs van ‘n aansoek om ‘n lisensie kan] Die hoof uitvoerende beampte kan, vir die doel waarna verwys is in subartikels (1) en (1A), die Suid-Afrikaanse Polisie diens vir ‘n verslag vra wat die volgende aandui -

25 (a) besonderhede van enige veroordelings wat aangeteken is teen die aansoeker soos verwys word in subartikel (1), die lisensie- of sertifikaathouer soos verwys word in subartikel (1A), of enige persoon wat by die voorgestelde besigheid betrokke sal wees, lisensiehouer of sertifikaathouer en ten opsigte van wie die raad dit nodig ag om die polisieverslag te kry; --

30 (b) sodanige aangeleenthede as wat voorgeskryf word; en

35 (c) sodanige ander sake as wat na die oordeel van die Suid-Afrikaanse Polisie diens ten opsigte van die betrokke aansoek, lisensie of sertifikaat oorweeg behoort te word”.

Wysiging van artikel 29 van Wet 6 van 1996

40 21. Artikel 29 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (4) met die volgende subartikel te vervang:

45 “(4) Wanneer die raad oortuig is dat die perseel waaraan ‘n tydelike lisensie kragtens subartikel (1) uitgereik is, wesenlik voltooi is in ooreenstemming met die plan daarvan wat deur die raad goedgekeur is, die voorwaardes en vereistes deur die raad bepaal nagekom is en die perseel geskik is vir die doeleindes waarvoor dit kragtens die betrokke lisensie gebruik sal word, moet die raad die lisensie [ooreenkomstig artikel 24(4)] ingevolge hierdie Wet aan die betrokke aansoeker uitreik.”.

Amendment of section 31 of Act 6 of 1996

22. Section 31 of the principal Act is amended by the insertion after subsection (4) of the following subsection and renumbering of the current subsection (4) to (5):

“(4) The holder of a gambling machine operator licence –

(a) shall not make available for play –

(i) more limited gambling machines than the maximum number for which the operator is licensed;

(ii) on any particular site, more limited gambling machines than that site is licensed to accommodate;

(b) shall maintain the limited gambling machines owned and operated by the holder of that gambling machine operator licence; and

(c) shall collect money from those machines and pay to the board all levies in respect of those machines.”.

Amendment of section 32 of Act 6 of 1996

23. Section 32 of the principal Act is amended by –

(1) the insertion of the following subsection before subsection (1) and the renumbering of current subsections (1) and (2) to (2) and (3) -

“(1) No person may apply for a gambling machine site licence other than in response to a notice published in the *Provincial Gazette* and the media by the board, inviting applications and which notice may state the evaluation criteria to be applied and any other requirements.”;

(2) the substitution for the current subsection (2) of the following subsection:

“(3) A [gaming] gambling machine site licence shall authorise, subject to the provisions of this Act, the operation and keeping in or on the licensed premises specified in the licence, of any prescribed [gaming] gambling machines or gaming machines specified in the licence: Provided that –

(a) the maximum charge for playing on any {such gaming} gambling machine shall not exceed the prescribed amount;

(b) the prize in respect of any 1 game played by means of any [such gaming] gambling machine shall not in the aggregate exceed in value the prescribed amount; [and]

Wysiging van artikel 31 van Wet 6 van 1996

22. Artikel 31 van die Hoofwet word gewysig deur ná subartikel (4) die volgende subartikel in te voeg en die huidige subartikel (4) te hernoem na (5):

“(4) Die houer van ‘n dobbelmasjiën-operateurlisensie -

(a) sal nie vir speeldoeleindes die volgende beskikbaar stel nie -

(i) meer beperkte dobbelmasjiëne as die maksimum getal waarvoor die operateur gelisensieerd is;

(ii) meer beperkte dobbelmasjiëne, op enige bepaalde terrein, as wat die terrein gelisensieerd is om te akkommodeer;

(b) moet die beperkte dobbelmasjiëne in stand hou wat besit en bedryf word deur die houer van daardie dobbelmasjiën-operateurlisensie; en

(c) moet geld insamel vanaf daardie masjiëne en aan die raad alle heffings ten opsigte van daardie masjiëne betaal.”

Wysiging van artikel 32 van Wet 6 van 1996

23. Artikel 32 van die Hoofwet word gewysig deur -

(1) die volgende subartikel voor subartikel (1) in te voeg en die huidige subartikels (1) en (2) te hernoem na (2) en (3) -

“(1) Geen persoon mag vir ‘n dobbelmasjiën terreinlisensie aansoek doen nie behalwe in reaksie op ‘n kennisgewing wat in die *Provinsiale Koerant* en die media deur die raad geplaas is, wat vra vir aansoeke en welke kennisgewing die evalueringsmaatstawwe en ander vereistes wat van toepassing is, mag uitstippel”;

(2) die huidige subartikel (2) te wysig deur dit met die volgende paragraaf te vervang:

“(3) ‘n Dobbelmasjiënperseellisensie magtig, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die bedryf en aanhou in of op die gelisensieerde perseel wat in die lisensie gespesifiseer word, van enige voorgeskrewe dobbelmasjiëne of dobbelmasjiëne in die lisensie gespesifiseer. Met dien verstande dat -

(a) die maksimum koste ten einde op [sodanige] dobbelmasjiën te speel nie die voorgeskrewe bedrag mag oorskry nie;

(b) die prys ten opsigte van enige enkele spel wat gespeel word by wyse van [sodanige] dobbelmasjiën, nie in die geheel die voorgeskrewe bedrag mag oorskry nie; [en]

- (c) there shall be displayed on every ~~{such gaming}~~ gambling machine the value of the maximum prize prescribed under paragraph (b) which can be won by playing a game once by means of such a ~~[gaming]~~ gambling machine; and
- (d) any gambling machine shall be placed in an area of the licensed premises to which no person under the age of 18 years shall have access to.”;
- (3) the addition of the following subsections:
- “(4) The holder of a gambling machine site licence may be linked to the holder of a particular gambling machine operator licence or may be independent.
- (5) The holder of an independent gambling machine site licence has the same rights, powers and duties as –
- (a) the holder of a gambling machine operator licence in terms of section 31; and
- (b) the holder of a gambling machine site licence in terms of subsections (1), (1A) and (2) above.
- (6) Only a juristic person may be licensed to own or operate more than five limited gambling machines as the holder of an independent site licence.
- (7) The holder of a site operator licence or independent site operator licence shall –
- (a) prominently display at the entrance of the designated area –
- (i) the licence issued to the holder of that licence;
- (ii) a copy of the licence issued to the relevant holder of the gambling machine operator licence, if applicable; and
- (b) maintain adequate control and supervision of all limited gambling machines at the site during the licensed hours of operation.”.

- 5
- (c) daar op elke [sodanige] dobbelmasjien die waarde vertoon word van die maksimum prys, voorgeskryf kragtens paragraaf (b), wat gewen kan word wanneer 'n spel eenmalig by wyse van sodanige dobbelmasjien gespeel word; en
- (d) enige dobbelmasjien geplaas moet word in 'n area van die gelisensieerde perseel waartoe geen persoon onder die ouderdom van 18 jaar toegang sal verkry nie.
- 10 (3) die volgende subartikels by te voeg:
- “(4) Die houer van 'n dobbelmasjien terreinlisensie kan gekoppel wees aan die houer van 'n bepaalde dobbelmasjienoperateurslisensie of kan onafhanklik wees.
- 15 (5) Die houer van 'n onafhanklike dobbelmasjien terreinlisensie beskik oor dieselfde regte, bevoegdhede en pligte as -
- 20 (a) die houer van 'n dobbelmasjienoperateurslisensie ingevolge artikel 31; en
- (b) die houer van 'n dobbelmasjien terreinlisensie ingevolge subartikels (1), (1(A)) en (2) hierbo.
- 25 (6) Slegs regspersone kan as houer van 'n onafhanklike terreinlisensie gelisensieer word om meer as vyf beperkte dobbelmasjiene te besit of te bedryf.
- 30 (7) Die houer van 'n terreinoperateurslisensie of onafhanklike terreinoperateurslisensie moet -
- (a) opvallend by die ingang van die aangeduide area -
- 35 (i) die lisensie vertoon wat aan die houer van die lisensie uitgereik is;
- (ii) 'n afskrif vertoon van die lisensie wat uitgereik is aan die betrokke houer van die dobbelmasjienoperateurslisensie, indien van toepassing; en
- 40 (b) voldoende beheer en toesig uitoefen oor alle beperkte dobbelmasjiene op die terrein gedurende die gelisensieerde ure van bedryf.”

Amendment of section 33 of the Act 6 of 1996

24. Section 33 of the principal Act is amended by the insertion of the following subsection before subsection (1) and the renumbering of the current subsections (1) and (2) to (2) and (3):

“(1) No person may apply for a bingo operator licence other than in response to a notice published in the *Provincial Gazette* and the media by the board, inviting all applications and which notice may state the evaluation criteria to be applied and any other requirements.”.

Amendment of section 37 of Act 6 of 1996

25. Section 37 of the principal Act is amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) A bookmaker’s licence shall authorise, subject to the provisions of this Act, the accepting of fixed odd bets and open bets on sporting events on the licensed premises.

Amendment of section 39 of Act 6 of 1996

26. Section 39 of the principal Act is amended by –

(1) the addition to subsection (1) of the following paragraphs:

“(i) the licence holder, without the prior consent of the board, sells or alienates or ceases to operate any business in respect of the licence or any part of the premises or development to which the licence relates; or

(j) the licence holder wilfully and persistently uses or tolerates methods of operation deemed unsuitable by the board.”.

(2) the addition of the following subsection:

“(8) Notwithstanding the provisions of the above sections, the board may estimate punitive levies payable by the licensee for failure to carry on business in contravention of section 39 (1)(d).”.

Insertion of section 40A in Act 6 of 1996

27. The following section is inserted after section 40 of the principal Act:

Wysiging van artikel 33 van Wet 6 van 1996

24. Artikel 33 van die Hoofwet word gewysig deur die volgende subartikel voor subartikel (1) in te voeg en die huidige subartikels (1) en (2) te hernoem na (2) en (3):

“(1) Geen persoon mag vir ‘n bingo operateurslisensie aansoek doen behalwe in reaksie op ‘n kennisgewing wat in die *Provinsiale Koerant* en die media deur die raad geplaas is nie, wat vra vir aansoeke en welke kennisgewing die evalueringsmaatstawwe en ander vereistes wat toegepas moet word, mag uitsippel.”

Wysiging van artikel 37 van Wet 6 van 1996

25. Artikel 37 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:

“(3) ‘n Beroepswedderslisensie magtig, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die neem van vasgestelde weddenskappe en ope weddenskappe op sportgebeurtenisse op die gelisensieerde perseel.”.

Wysiging van artikel 39 van Wet 6 van 1996

26. Artikel 39 van die Hoofwet word gewysig deur -

(1) die volgende paragrawe by subartikel (1) by te voeg:

“(i) die lisensiehouer, sonder die vooraf goedkeuring van die raad, die bedryf van enige besigheid ten opsigte van die lisensie of enige gedeelte van die perseel of ontwikkeling wat met die lisensie-verband hou verkoop of vevreem of staak; of

(j) die lisensiehouer opsetlik en aanhoudend bedryfsmetodes wat as onvanpas deur die raad beskou word gebruik en verdra.”;

(2) die volgende subartikel by te voeg:

“(8) Nieteenstaande die bepalings van die bogenoemde artikels, kan die raad strafboetes beraam wat deur die lisensiehouer betaalbaar moet word vir die versuim om die besigheid te bedryf in oortreding van artikel 39(1)(d).” .

Invoeging van artikel 40A in Wet 6 van 1996

27. Die volgende artikel word ná artikel 40 van die Hoofwet ingevoeg:

"Amendment of the licence"

- 5 40A. (1) The holder of a licence may at any time make an application for the amendment of the licence.
- (2) An application for the amendment of a licence shall be considered by the board and the board may thereafter conditionally or unconditionally –
- 10 (a) refuse the application;
- (b) grant the application.
- 15 (3) The provisions of sections 24 to 28 shall *mutatis mutandis* apply in relation to an application contemplated in subsection (1) for an amendment that the board determines as material."

Substitution of section 43 of Act 6 of 1996

- 20 28. The following section is substituted for section 43 of the principal Act:

"Financial interest in business of licensee"

- 25 43. (1) Any person, other than an institutional investor, a depository institution or a central securities depository, who directly or indirectly, procures a financial interest of 5% or more in the business to which a licence relates shall, within the prescribed period and in the prescribed manner, apply to the board for approval to hold such interest.
- 30 (2) Any institutional investor, central securities depository or depository institution who, directly or indirectly, procures a financial interest of –
- 35 (a) not less than 5% but less than 15% in a business to which a licence relates shall within the prescribed period and in the prescribed manner inform the board of its acquisition of that interest and shall in such notice set out the grounds on which it asserts it is an institutional investor;
- 40 (b) 15% or more in the business to which a licence relates shall, within the prescribed period and in the prescribed manner, apply to the board for approval to hold such interest.
- 45 (3) The provisions of sections 22 and 24 to 28 shall, *mutatis mutandis* apply in relation to an application contemplated in subsection (1) and (2).

"Wysiging van die lisensie"

- 5 40A. (1) Die houer van die lisensie kan te eniger tyd aansoek doen om die lisensie te wysig.
- (2) 'n Aansoek om wysiging van 'n lisensie moet deur die raad oorweeg word en die raad kan daarna voorwaardelik of onvoorwaardelik -
- 10 (a) die aansoek weier; of
- (b) die aansoek toestaan.
- 15 (3) Die bepalings van artikels 24 tot 28 sal *mutatis mutandis* van toepassing wees met betrekking tot 'n aansoek soos beoog in subartikel (1) vir 'n wysiging wat die raad as wesenlik beskou."

Vervanging van artikel 43 van Wet 6 van 1996

- 20 28. Artikel 43 van die Hoofwet word met die volgende artikel vervang:

"Finansiële belang in bedryf van lisensie"

- 25 43. (1) Enige persoon, buiten 'n institusionele belegger, 'n depositonemende instelling of 'n sentrale effekte bewaarnemer, wat regstreeks of onregstreeks, 'n finansiële belang van 5% of meer verkry in die besigheid waarmee die lisensie verband hou moet, binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse, by die raad aansoek doen vir goedkeuring om sodanige belang te hou.
- 30 (2) Enige institusionele belegger, sentrale effekte bewaarnemer en depositonemende instelling wat, regstreeks of onregstreeks, 'n finansiële belang verkry van -
- 35 (a) nie minder nie as 5% maar minder as 15% in 'n besigheid waarmee die lisensie verband hou moet binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse die raad in kennis stel van sy verkryging van daardie belang en moet in sodanige kennisgewing die gronde uiteensit waarop hy dit
- 40 stel dat hy 'n institusionele belegger is;
- (b) 15% of meer in die besigheid waarmee die lisensie verband hou moet, binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse, by die raad aansoek vir goedkeuring om
- 45 sodanige belang te hou.
- (3) Die bepalings van artikels 22 en 24 tot 28 sal *mutatis mutandis* van toepassing wees met betrekking tot 'n aansoek soos beoog in subartikel (1) en (2).

- (4) The board shall not grant approval under subsection (1) and (2) where the person or institution referred to, who submits the application, would be disqualified to hold a licence in terms of this Act.

- (5) Where approval is not granted, the person or institution referred to in subsection (1) shall, within the prescribed period and in the manner determined by the board, dispose of its financial interest in the licence holder concerned.

- (6) No person or institution referred to in subsection (1) shall procure an interest contemplated in subsection (1) and (2) as nominee or agent of or otherwise on behalf of any principal or beneficiary if that person has not in writing informed the holder of the licence concerned and the board of the identity of such principal or beneficiary.

- (7) The provision of this section shall not apply to an institution referred to in subsection (1) in respect of which it holds a financial interest on behalf of persons other than itself in securities listed on a stock exchange in South Africa registered as such in terms of the Stock Exchange Control Act, 1985 (Act No. 1 of 1985).

- (8) For purposes of this section, unless the context indicates otherwise –

“central securities depository” means a person who is licenced as a central securities depository under the Securities Services Act, 2004 (Act No. 36 of 2004); and

“institutional investor” means a mutual fund, unit trust fund, pension fund, merchant bank, or insurance company, registered as such in terms of an applicable law and which trades securities in large volumes on behalf of large numbers of investors.”

Amendment of section 44 of Act 6 of 1996

29. Section 44 of the principal Act is amended by –

- (1) the insertion after subsection (1) of the following subsections and the renumbering of the current subsection (2) to (4):

- 5
- (4) Die raad mag nie goedkeuring verleen kragtens subartikel (1) -en (2) waar die persoon of instelling waarna verwys word, wat die aansoek indien, gediskwalifiseer word om 'n lisensie ingevolge hierdie Wet te hou nie.
- 10
- (5) Waar goedkeuring nie verleen word nie, moet die persoon of instelling waarna in subartikel (1) verwys word, binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse soos deur die raad bepaal, van sy finansiële belang in die betrokke lisensiehouer ontslae raak.
- 15
- (6) Geen persoon na wie verwys word in subartikel (1) mag 'n belang verkry soos beoog in subartikel (1) en (2) as benoemde of agent van of andersins namens enige prinsipaal of begunstigde indien daardie persoon nie skriftelik die betrokke lisensiehouer en die raad ingelig het oor die identiteit van sodanige prinsipaal of begunstigde nie.
- 20
- (7) Die bepaling van hierdie artikel sal nie van toepassing wees op 'n instelling waarna verwys word in subartikel (1) ten opsigte waarvan dit 'n finansiële belang hou namens persone behalwe homself in effekte genoteer op 'n effektebeurs in Suid-Afrika en as sulks geregistreer ingevolge die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet Nr. 1 van 1985).
- 25
- (8) Vir doeleindes van hierdie artikel, tensy die samehang anders aandui, beteken -
- 30
- “sentrale effekte bewaarnemer” ‘n persoon wat as ‘n sentrale effekte bewaarnemer gelisensieer is kragtens die Wet op Effektedienste, 2004 (Wet Nr. 36 van 2004); en
- 35
- “institusionele belegger” ‘n effektetrust, effektetrustfonds, pensioenfonds, handelsbank, of versekeringsmaatskappy, as sulks geregistreer ingevolge ‘n toepaslike wet en wat groot volumes effekte verhandel namens groot getalle beleggers.”

Wysiging van artikel 44 van Wet 6 van 1996

29. Artikel 44 van die Hoofwet word gewysig deur -

- 40
- (1) die volgende subartikels ná subartikel (1) in te voeg en die huidige subartikel (2) te hernoem na (4):

“(2) The board may require from any third party with whom a licensee has contracted, to apply to the board for a certificate of suitability in the manner and within such time as determined by the board, and if such a certificate is not granted, the board may require the termination of the contract or association between the licensee and the third party.

(3) The certificate of suitability issued in terms of subsections (1) and (2) shall be valid for a period of twelve months and thereafter subject to renewal upon payment of the prescribed fees.”;

(2) the substitution of the current subsection (2) of the following subsection:

“(3) The provisions of section 28 shall *mutatis mutandis* apply to an application referred to in subsections (1) and (2).”.

Amendment of section 45 of Act 6 of 1996

30. Section 45 of the principal Act is amended by –

(1) the substitution for subparagraph (ii) of paragraph (a) of the following subparagraph:

“(ii) is identical in all material aspects to a type and model that has been approved by the board; ~~and~~”;

(2) the addition to paragraph (a) of the following subparagraph:

“(iv) complies with the national norms and standards and such further requirements as the board may from time to time determine; and”.

Amendment of section 47 of Act 6 of 1996

31. Section 47 of the principal Act is amended by –

(1) the substitution for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:

“(a) refuse to admit any person, other than a member of the board, or staff member of the board or a police officer, to the licensed premises;

(b) request any person, other than a member of the board, or staff member of the board or a police officer who is on the licensed premises, to leave the premises;”;

“(2) Die raad kan van enige derde party met wie ‘n gelisensieerde ‘n kontrak aangegaan het vereis om by die raad aansoek te doen om ‘n sertifikaat van geskiktheid op die wyse en binne die tydperk soos deur die raad bepaal, en indien sodanige sertifikaat nie toegeken word nie, kan die raad aandrang op die beëindiging van die kontrak of die verbintenis tussen die gelisensieerde en die derde party.

(3) Die sertifikaat van geskiktheid wat ingevolge subartikels (1) en (2) uitgereik is, sal geldig wees vir ‘n tydperk van twaalf maande en daarna onderhewig aan hernuwing by betaling van die voorgeskrewe gelde.”;

(2) die huidige subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang:

“(4) Die bepalinge van artikel 28 is *mutatis mutandis* van toepassing op ‘n aansoek bedoel in subartikels (1) en (2).”.

Wysiging van artikel 45 van Wet 6 van 1996

30. Artikel 45 van die Hoofwet word gewysig deur -

(1) subparagraaf (ii) van paragraaf (a) met die volgende subparagraaf te vervang:

“(ii) wat in alle wesenlike opsigte identies is aan ‘n tipe en model wat deur die raad goedgekeur is; {en}”;

(2) die volgende subparagraaf by paragraaf (a) by te voeg:

“(iv) voldoen aan die nasionale norme en standaarde en sodanige verdere vereistes soos wat die raad van tyd tot tyd mag bepaal; en”.

Wysiging van artikel 47 van Wet 6 van 1996

31. Artikel 47 van die Hoofwet word gewysig deur -

(1) paragrawe (a) en (b) met die volgende paragrawe te vervang:

(a) weier om enige persoon, behalwe ‘n lid van die raad, of ‘n personeellid van die raad of ‘n polisiebeampte, tot die gelisensieerde perseel toe te laat;

(b) enige persoon, behalwe ‘n lid van die raad, of ‘n personeellid van die raad of ‘n polisiebeampte, wat op die gelisensieerde perseel is, versoek om die perseel te verlaat;”;

- (2) die volgende artikel ná artikel 47 in te voeg:

“Uitgeslote persone

- 5 **47A.** (1) Die houer van ‘n lisensie of werknemer van sodanige
lisensiehouer mag nie willens en wetens ‘n persoon wat as ‘n
10 uitgeslote persoon in die nasionale register vir uitgeslote
persone geregistreer is, soos beoog in die Nasionale Wet,
toelaat om die aangeduide area van die gelisensieerde perseel
binne te gaan of daar te vertoef of deel te neem aan enige
dobbelaaktiwiteit op die gelisensieerde perseel nie.
- (2) Elke gelisieerde wat gemagtig is om ‘n dobbelaaktiwiteit aan
15 die publiek beskikbaar te stel moet -
- (a) beskikbaar stel by die gelisensieerde perseel -
- (i) die vorm wat ingevolge die Nasionale Wet
20 voorgeskryf vir gebruik deur persone wat wil
registreer as ‘n uitgeslote persoon;
- (ii) ‘n adresboek van plaaslik-erkende
25 beradings-, behandelings- of opvoedkundige
dienste wat probleme van kompulsiewe en
verslawende dobbelary aanspreek; en
- (b) opsigtelik ‘n kennisgewing aanbring wat die
30 beskikbaarheid adverteer van daardie materiale, op
die wyse en vorm soos deur die Nasionale Wet
voorgeskryf, by elke ingang tot daardie perseel.”.

Wysiging van artikel 48 van Wet 6 van 1996

32. Artikel 48 van die Hoofwet word gewysig deur -
- 35 (1) subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Behoudens enige regulasies kragtens artikel 92 uitgevaardig [en
40 subartikel (2)] hierdie artikel en die bepalings van die Nasionale
Wet, is dit geoorloof om enige dobbel, wat wettiglik kragtens hierdie
Wet bedryf mag, te adverteer.”;

(2) the addition of the following subsections:

“(3) Any advertisement of a gambling machine or device, a gambling activity, or a licensed premises at which gambling activities are available –

(a) shall include a statement, in the manner and form prescribed by the National Act, warning against the dangers of addictive and compulsive gambling;

(b) shall not include any element which directly or indirectly promotes or encourages the removal of a person from the register of excluded persons.

(4) A person shall not advertise or promote any gambling or related activity as being available to the public free of charge or at a discounted rate contrary to this Act or the National Act, as an inducement for gambling.”.

Amendment of section 52 of Act 6 of 1996

33. Section 52 of the principal Act is amended by -

(a) the substitution of subsection (1) of the following subsection:

“(1) Any licence granted in terms of this Act shall, subject to being annually renewed, be valid as from the date of the issue thereof for a period of 25 years, or until the holder thereof abandons it in writing or it is revoked by the board in terms of section 39, whichever is shorter.”;

(b) the deletion of paragraphs (a) and (b).

Amendment of section 61 of Act 6 of 1996

